HEIDEKOPPIE NUUS

28 Januarie 2024

"Julle is dus nie meer ver van God af nie ... maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God." Ef 2:19

EREDIENSTE VANDAG

Deuroffers: Jan Kriel Instituut
Prop André Breytenbach
Lewende instrumente ingestem op God se ritme (2)
Matt 6:9,10, Rom 12:1,2

08:30
Kontemporêre Diens
Bababediening en Kinderkerke (voorskool tot Gr 6)

10:15
Klassieke Diens

16:30
Apollo 11 (Belydenisklas)

17:30
Space (Gr 7-10)

Nuwe lidmate word uitgenooi om volgende Sondagoggend 4 Feb na afloop van die eerste diens, saam te kom koffiedrink in die voorportaal van die saal.

PROGRAM

Ma 29 Januarie
19:00 Bestuursraadsvergadering

Di 30 Januarie
08:30 Soepel seniors
10:00 Silwerjare Komitee
19:00 Orkesoefening
19:00 Doopgesprek

Wo 31 Januarie
05:45 Manna vir Manne
10:00 Klaradyn Byeenkoms

Do 1 Februarie
08:30 Soepel seniors
10:00 Bybelstudiegroep
19:00 Orkesoefening
19:00 Young Adults

YOUNG ADULTS

Vanaf eerskomende Donderdagaand 1 Feb is daar weer weekliks 'n byeenkoms vir jong volwassenes (Gr 12 - ±25jr) om 19:00 in die bovertrek. Kom in vanaf die agterste parkeerterrein. Ons gesels en kuier rondom die Woord. Kontak Adam by 074 172 9187 vir meer inligting.

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
ontvangs@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie

Leraar: Ds Anton Roux ants@heidekoppie.com 083 504 2613
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 jeugwerker@heidekoppie.com

HEIDEKOPPIE

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende persone,
70 jaar en ouer, wat verjaar!

JANUARIE
28: Elaine van der Merwe, Thilde Smink (70jr)
29: Marètha van Wyk (80jr)

FEBRUARIE
01: Antonius Geyer,
02: Susan Kriek (80jr)

EIENDOMSBEDIENING

Die Eiendomsbediening het behoefte aan nog 'n algemene "handyman" wat op die bediening kan dien en kan help met kleinere herstelwerk by die kerk. Verkieslik iemand wat bedags redelik beskikbaar is. Kontak Swannie by 083 287 6746

DANKOFFERS

EFT, Snapscan, koevertjies, debietorder of inbetaling by die kerkkantoor.

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

BEGRAFNISTEE'S

HELP JY REEDS BY BEGRAFNISTEE'S OF WIL JY GRAAG?
Riana of Jenita sal na afloop van die diens in die kerk se voorportaal wees.
Kom meld aan of, as jy reeds op die span is, kom kontroleer asb jou kontaknommer.

Bankbesonderhede:
NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell Tak, Universele Kode: 632005 Tjekrekening nr 145 058 0674

MAAK 'N NOTA!

FEBRUARIE 2024

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDE
				1 08:30 So 10:00 Byl 19:00 Or 19:00 Yo

"Julle is dus nie meer vir van God af nie ... maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God." Ef 2:19

Donderdagaand 29 Februarie om 19:00:
WÊRELDBIDDAG VIR VROUE BYEENKOMS

Saterdag 2 Maart 08:00:
BIDDAG VIR MANS MET JURIAAN SCHREUDER

Die Kleuterkerk het behoefte aan 'n boekrak as iemand dalk kan help. Kontak die kerkkantoor.

KINDERKERKE EN SPACE

KLEINGROEPLEIERS BY DIE KINDERKERKE BENODIG

'n Kleingroepleier neem verantwoordelikheid vir 'n klein groepie kinders en bou verhoudings met hulle. Hulle hoef nie self 'n "les" aan te bied nie. Kontak Adam by 074 172 9187.

DEUROFFERS – JAN KRIEL INSTITUUT (https://jankriel.co.za/tuis/)

Die deuroffers is vanoggend vir Jan Kriel Instituut. Jan Kriel Skool is geleë in Kuislrivier.

Jou donasie help dat gehalte spesialis onderrig gebied kan word aan 537 Jan Kriel leerlinge met leerhindernisse (Gr. R tot Gr. 12). Die gewone skoolleerplan word gevolg.

Jan Kriel Skool se uitgawes is hoog o.a. omdat daar nie net onderwyspersoneel is nie, maar ook fisioterapeute, arbeidsterapeute, beraders en sielkundiges, spraakterapeute ens. Dan is daar natuurlik ook al die apparaat wat nodig is vir die terapeute en die leerders se individuele behoeftes.

Kinders wat hierskoolgaan, sluit in:

308	Spesifieke leerhindernisse
78	Outisme spektrum versteuring
39	Hardhorend
30	Fisies gestremd
23	ADHD
21	Mediese toestand
16	Serebrale gestremdheid
8	Epilepsie
6	Ander
4	Gedeeltelike sig
2	Kommunikasie- / Taalversteuring

Gaan kyk na hierdie video en staan verstom oor die verskillende manier waarop leerders van Jan Kriel tydens eksamens geakkommodeer word sodat elkeen se individuele hindernis aangespreek kan word: (97) Eksamen by Jan Kriel is 'n Gedoente! - YouTube

KAAPKERK

Die sinodale kantoor stel gereeld interessante *podcasts* beskikbaar. Gaan luister hier: https://iono.fm/e/1388904

Alzheimer en Demensie: Hoe help ek my familielid? (Madelein Duvenhage) (Episode 3)

VROUEBEDIENING WES-KAAP

Volg die Vrouebediening op facebook: https://www.facebook.com/vroueweskaap?mibextid=ZbWKwL Neem deel aan die begin van die jaar se **#BeginbyGod** wat die afgelope week op facebook afgeskop het.

Tydperk: 21 Januarie tot 14 Februarie
Ritme: Ons volg 'n 3 dag ritme

Maandag: **Kyk en sien** (deel foto's)
Woensdag: **Dieper Delf** (deel stories)
Vrydag: **Nadink-tyd** (deel insigte)

ALLERLEI

IS JOU PAPIERWERK UITSORTEER AS JY NOU SOU MOES STERF?

Hierdie boek stel jou in staat om jou lewe beter te organiseer sodat jy of jou geliefdes vinnig die nodige inligting en dokumente in die hande kan kry as iets onverwags sou gebeur. Kry gemoedsrus dat jou papierwerk uitgesorteer is:

- Sorteer jou dokumente
- Wees voorbereid
- Verstaan die rouproses
- Maak 'n verskil

Bybel-Media se lewenslêer kan nou GRATIS afgelaai word: https://bybelmedia.co.za/lewensleer-2/

REGISTREER OM TE STEM!

Miskien het jy van adres verander of is jy nou stemgeregtig. Maak seker dat jy deel kan neem aan hierdie belangrike verkiesing. Ons maak op hierdie manier erns met die roeping wat die Here Jesus vir ons gee en neem ook medeverantwoordelikheid vir die opbou van die land waarin ons woon.

Kontroleer hier waar jy tans geregistreer is en moet gaan stem: https://www.elections.org.za/pw/Voter/My-ID-Information-Details

WIL JY OP 'N UITREIK NA MOSAMBIEK GAAN?

Ds Danie Murray van Proteahoogte Gemeente het 'n bediening in Mosambiek en besoek gereeld gemeentes van ons susterkerk, *Igreja Reformada em Moçambique* (IRM), daar.

Hy vertrek voorlopig weer vanuit die Kaap op Dinsdag 27 Februarie en sal weer terug wees op Woensdag 27 Maart. Daar is plek vir een of twee persone in sy bakkie en die kostes beloop ongeveer R4 000 vir verblyf, etes, en so meer.

Daar word meestal aan huis van die Mosambiekers geslaap en geëet. Hulle is hartlike mense wat gaste gewoonlik met ope arms ontvang.

Kontak Ds Danie by danie@handevat.com of 082 721 3809.
https://www.facebook.com/handevat

WERKSGELEENTHEDE

OPLEIDINGSGELEENTHEID VIR WERKLOSE JONGMENSE

MSC Cruises bied jaarliks geleenthede vir jongmense in die mariene industrie aan.

Daar is 3 rigtings:
1. National Certificate in International Trade
2. National Certificate in Freight Forwarding & Customs Compliance
3. Further Education & Training Certificate in Shipping

Ouderdom: Jonger as 25jr
Tydperk: 12 maande
Teorie en prakties
Beurs behels studiegeld + 'n maandlikse toelaag
Toelatingsvereistes: Matriek met minstens 'n C -gemiddeld, ook in Wiskunde.
Rekenaargeletterd, hardwerkend, betroubaar, goeie kommunikasievaardighede
Doen aansoek by TAMMY PILLAY by za031-cvapplications@msc.com

ASSISTENT-STREEKSORGANISEERDER

Solidariteit Helpende Hand is op soek na 'n assistentstreeks-organiseerder om die streeksorganiseerder van die Wes-Kaap-streek by te staan. Die kandidaat moet beskik oor 'n sertifikaat of diploma in projekbestuur of 'n soortgelyke organiseringskwalifikasie en drie tot vyf jaar ervaring in projekbestuur. Hy of sy moet in die Wes-Kaap (Helderberg, Noordelike Voorstede, Boland of Weskus) woon.

Die kandidaat moet bereid en in staat wees om gereeld deur die hele streek te reis en oor te slaap. 'n Geldige rybewys en eie voertuig asook 'n goeie ondersteuningsnetwerk tuis is daarom noodsaaklik.

Die ideale persoon is analities, innoverend, energiek, uitset-gedrewe met sterk leierseienskappe, goeie prioritiserings- en motiveringsvermoë, uitstekende menseverhoudinge en beplanningsvaardighede. Goeie kommunikasie-, administratiewe en interpersoonlike vaardighede sal in die kandidaat se guns tel. Meer besoderhede by die kerkkantoor.

Indien jy aan die profiel voldoen, klik hier om voor of op 2 Febr 2024 aanlyn aansoek te doen.

Meer inligting oor albei poste hierbo by Jackie by admin@heidekoppie.com

HELP MEKAAR

Kontak die kerkkantoor vir kontaknommers van die persone hieronder.

- **Verblyf** dringend **gesoek** in die omgewing: Dame met twee jong kinders.
  Kan R6000 – R7000 per maand bekostig.
- Middeljarige dame op **soek** na **werk**: Huiswerker, skoonmaker, goeie kok, versorger. Afrikaanssprekend met goeie verwysings.
- **Verblyf**, bv Wendyhuis, **benodig** vir twee jong mans (broers). Verkieslik in die omgewing. Maks R6 000 per maand.
- Een van ons lidmate is op soek na enige vorm van **kunsblomme** vir 'n projek. Indien jy jou kunsblomme gaan uitgooi, bring dit gerus kerkkantoor toe. SLEGS tot einde Maart.

WEES 'N GETUIE!



GETUIENIS UIT GAZA

Talle Moslem-mans in Gaza het hulle die afgelope tyd na die Christendom bekeer nadat hulle Jesus in hul drome gesien het, in wat beskryf word as 'n "wonderwerk", volgens 'n nuwe verslag van ondergrondse Christene in die streek.

Die skrywer en Christen-apologeet, Michael Licona, het 'n verslag "*God werk te midde van oorlog*" aanlyn geplaas. Licona is 'n professor in Nuwe-Testamentiese studies aan die *Houston Christian University* en die skrywer van verskeie boeke, insluitend *The Case for the Resurrection of Jesus*.

Die verslag, het hy gesê, "kom uit Gaza uit ondergrondse Christelike bedieninge."

"Die afgelope twee dae het ons honderde vaders bedien wat die meeste, indien nie al hulle kinders in die oorlog verloor het nie," het die verslag gelui.

"Terwyl ons hierdie mans na veiligheid gebring het, het ons hulle gevoed, hulle klere gewas en die Bybel vir hulle begin lees – en die pad van vrede deur Jesus met hulle gedeel. Toe gebeur 'n groot wonderwerk. Gisteraand het Jesus aan meer as 200 van hulle in hul drome verskyn! Hulle het teruggekom na ons toe om meer uit God se Woord te leer en te vra hoe om Jesus te volg."

Dank die Here vir mense wat sy Wood versprei onder moeilike omstandighde en bid dat die mense aan wie Jesus verskyn het, die geleentheid sal hê om Hom te leer ken.

GEBEDSVERSOEKE UIT MADAGASKAR

"Geliefdes. Die nuwe jaar is reeds aan die rol en ons is volstoom aan die gang. Ons het 'n vol jaar wat voorlê.

Dit gaan goed met ons en die eerste sikloon is verby sonder noemenswaardige skade. Prys die Here! ***Ek gee graag vir julle die volgende gebedspunte wat tans op ons hart is:***

* Dank Vader vir soveel vrug op ons werk wat ons daagliks kan sien.

* Dank Hom vir goeie gesondheid en fisiese krag om te kan werk.

* Dank Hom vir mense wat ons in gebed dra en ook op ander wyses ondersteun.

* Ons is binne die reënseisoen. Bid vir fisiese beskerming van die hele span teen malaria, cholera en ander "*water borne*" siektes.

* Dra ook ons jaar se werksaamhede op. Die normale pligte van die span gaan voort soos altyd, asook die bouwerk van die eerste fase in Belo wat begin sodra die reënseisoen verby is.

* Bid dat Vader mense sal aanraak om finansieël betrokke te raak by hierdie projek.

* Bid ook asb. vir ons persoonlike finansiële ondersteuning. Vanaf Februarie 2024 gaan ons 'n groot gedeelte van ons ondersteuning verloor. (Ongeveer 1/3 de.)

Dankie dat ons op julle kan staatmaak!

Seënwense en vrede vir julle! 🕊️🏠🙏🏾

Nic en Tina